SAOU SA ONDERWYSERSUNIE
SA TEACHERS' UNION
Vrystaat | Free State
Tel: 051 444 4509 | Faks/Fax: 051 444 2101
e-pos/email: saouvrys@saou.co.za

SAOU: VRYSTAAT NUUSBRIEF 1/2015

AAN: **SAOU WERKPLEKVERTEENWOORDIGERS**
VIR AANDAG: **ALLE SAOU-LEDE**

1. VOORSPOEDIGE 2015

Ons wens elke SAOU-lid 'n baie voorspoedige 2015 toe. Ons vertrou dat u 'n baie aangename vakansie gehad het en dat u saam met ons 2015 met nuwe moed en ywer sal kan aandurf. Sterkte vir al die nuwe uitdagings!

2. EKSAMENUITSLAE

Ons wens graag al ons lede van harte geluk met wonderlike eksamenuitslae. Goeie Graad 12-uitslae kan slegs toegeskryf word aan die goeie werk wat reeds vanaf Graad R gedoen word. Ons salueer dus al ons lede wat betrokke was by hierdie matriekklas van 2014! U kan verseker weet dat u definitief 'n verskil gemaak het in die lewens van elke leerder wat nou die "grootmenswêreld" betree.

3. Bemagtigingsgeleenthede

Net soos in die verlede, sal daar vanjaar weer verskeie bemagtigingsgeleenthede aangebied word wat onder andere die volgende sal insluit:

- **Kurrikulumbestuur** - Maak seker dat u ons kennisgewing wat gister hieroor uitgestuur is, ontvang. Registreer so gou as moontlik asb.

- **Seminaar vir Skoolbesture** - Hierdie seminaar sal gedurende die tweede kwartaal aangebied word. Meer inligting hieroor sal later aan u gekommunikeer word.

- **Seminaar vir Skoolsekretaresses/Admin. Klerke** - Maak solank gereed hiervoor. Meer inligting sal binnekort an u deurgegee word.

Afgesien van bogenoemde, is daar nog heelwat ander geleenthede in die pyplyn. Ons sal dit in 'n volgende nuusbrief hanteer.

Dit is ook belangrik dat lede ons voortdurend sal inlig oor spesifieke behoeftes wat bestaan. Praat bietjie met mekaar en laat ons weet!

4. ALGEMENE DIENSLEWERING

Behoeftebepaling van lede-behoeftes t.o.v. algemene dienslewering :

Ons bevestig net weer dat ons werklik die belange van ons lede op die hart dra. Ons is elke dag voltyds besig om probleme van ons lede te hanteer en/of op te volg ten einde dit opgelos te kry. Ons suksesse is legio! Om maar net een voorbeeld te noem - ten opsigte van salarisregstellings was ons weer eens geweldig suksesvol - 'n bedrag van R4m+ is aan 'n 'n groot getal lede betaal. Dit sou nie gebeur het nie as dit nie was vir volgehoue deursettingsvermoë en druk op die Departement nie.

Die individuele lede wat baie keer lank moes wag vir die regstellings om afgehandel te word, sal hiervan kan getuig! Ons glo egter: Aanhouer wen!!

Moenie huiwer om ons te kontak of te besoek indien u 'n probleem ervaar nie.

Skoolbesoeke: Indien daar op enige gegewe tyd ‘n behoefte by ons lede bestaan dat ons hulle by die skool moet kom besoek, laat weet ons asb. Omdat dit nie maklik is om by alle skole uit te kom, nie, beplan ons soos in die verlede ledesaamtrekke waar ons met groepe lede kan vergader.

Kommunikasie: Ons het reeds ‘n groot getal lede wat ons nuusbriewe direk op hul persoonlike e-posse ontvang. Maak asseblief seker dat ons u e-posadres het. Dit stel ons in staat om nuusbriewe direk aan u te stuur. Dit is ook belangrik dat u ons sal laat weet indien u e-posadres en/of selnommer verander.

Ons bevestig graag die volgende telefoon- en faksnommers:

Kantoor:	051/444 4509	Faks: 051/444 2101
Magda Strydom:	083 449 0216	Faks: 086 685 1090
Ankia Bester:	076 151 4569	Faks: 086 731 7900
Jannie Oosthuizen:	083 449 0214	Faks: 086 516 0146
Johanna Venter:	071 883 2022	Faks: 086 651 3912

Neem asseblief kennis dat Ankia tans met kraamverlof is. Haar babadogtertjie is op 12 Desember 2014 gebore. Sy sal weer aan die begin van die tweede kwartaal diens hervat.

SAOU webblad: Besoek gerus die SAOU se webblad. Soos u waarskynlik reeds weet, word registrasies vir opleiding nou ook elektronies gedoen.

5. LEDEGETALLE:

Die ledegetalle van die SAOU: Vrystaat, asook in al die ander provinsies toon die afgelope paar jaar ‘n positiewe groei. Indien daar nuwe onderwysers en/of ander personeel by u skool/inrigting diens aanvaar het, werf hulle asseblief vir die SAOU. Die R100,00 werwingsfooi bestaan steeds!

Heelwat onderwysers het die diens verlaat en dit is belangrik dat ons die wysigings so spoedig moontlik op ons databasis aanbring. Ons waardeer julle hulp in dié verband.

6. SAOU DAGBOEKE:

Het u ‘n SAOU dagboek vir 2015 ontvang? Indien nie, kontak ons asb. dringend.

7. LIEF EN LEED

Ons wil graag ons innige meegevoel uitspreek met lede wat geliefdes gedurende die afgelope tyd aan die dood afgestaan het. Werkplekverteenwoordigers moet ons asb. op hoogte hou hiervan.

Ons wens ook elke lid van die SAOU wat tans ernstige gesondheidprobleme ervaar spoedige beterskap en ‘n gesonde 2015 toe.

8. AFSLUITING

Ons sien uit na ‘n jaar waarin ons elke dag daarna sal strewe om ‘n verskil te maak daar waar ons kan. Baie sterkte vir die uitdagings wat voorlê!

M.M STRYDOM
PROVINSIALE SEKRETARIS
13/01/2014

SAOU SA ONDERWYSERSUNIE
SA TEACHERS' UNION
Vrystaat | Free State
Tel: 051 444 4509 | Faks/Fax: 051 444 2101
e-pos/email: saouvrys@saou.co.za

SAOU: FREE STATE NEWSLETTER 1/2015

TO: **SAOU SHOP STEWARDS**
FOR ATTENTION: **ALL SAOU MEMBERS**

1. PROSPEROUS 2015

We wish every SAOU member a prosperous 2015. We hope you had a wonderful holiday and that you are ready for the challenges of 2015.

2. EXAMINATION RESULTS

We congratulate all our members with the excellent achievements of the Gr 12-learners. These good results are the product of hard work and diligence which already started in the Grade R year. We salute our members who were involved in teaching the matric class of 2014! Be assured that you have made a difference in the life of each successful learner.

3. EMPOWERMENT SESSIONS

Various empowerment sessions will be presented again this year. It will *inter alia* include the following:

- **Curriculum Management** - A notice was forwarded to schools/members yesterday. Please register as soon as possible.

- **Seminar for School Management Teams** – This seminar will be presented in the second term. More information will be forwarded later.

- **Seminar for School Secretaries / Admin Clerks** - More information will be forwarded soon.

Information regarding other opportunities for the year will also be forwarded soon.

It is very important that members would inform us of their specific needs regarding training.

4. GENERAL SERVICE DELIVERY

Determination of needs regarding general service delivery:

Be assured that we have the interests of our members at heart. We deal with problems of members on a daily basis and follow up regularly until matters are resolved. We have many success stories to tell! Our successes regarding the correction of wrong salaries are but one example. The total amount paid to various members during 2014 for corrections amounted to R4m+. This could only be achieved through dedication, perseverance and continuous pressure on the Department.

Some individual members, who waited a long time for corrections to be finalized, will confirm this.

Please contact us if you experience specific problems. It is important that members, especially our Shop Stewards, would assist us in identifying needs that exist regarding the issue of service delivery.

School visits: Please notify us if, at any given time, members want us to visit the school. Due to the fact that it is not possible to visit all schools during a specific year member meetings will, as in the past, be arranged to address groups of members.

Communication: Many of our members already receive the newsletter via their personal e-mail addresses. Please make sure we have your e-mail address. In this way newsletters can be forwarded directly to members. Please notify us if your e-mail address and / or cell number changed.

We confirm the following telephone and fax numbers:

Office:	051/444 4509	Fax: 051/444 2101
Magda Strydom:	083 449 0216	Fax: 086 685 1090
Ankia Bester:	076 151 4569	Fax: 086 731 7900
Jannie Oosthuizen:	083 449 0214	Fax: 086 516 0146
Johanna Venter:	071 883 2022	Fax: 086 651 3912

Please take note that Ankia is on maternity leave. She gave birth to a baby girl on 12 December 2014. She will resume her duties in the second term again.

SAOU website: Visit the SAOU website. As you already know, registration for training can now also be done electronically.

5. MEMBER NUMBERS:

Member numbers of the SAOU: Free State, as well as in all other provinces, have shown a positive growth for the past year. If new educators and/or other personnel have been appointed at your school/institution, please recruit them. The R100,00 recruitment money is still applicable!

Many educators terminated their services. It is important for us to identify these educators in order to adjust our database as soon as possible. We appreciate your assistance in this regard.

6. SAOU DIARIES:

Did you receive your SAOU diary? If not, please contact us urgently.

7. PERSONALIA

We convey our condolences to members who have lost loved ones in the recent past. Shop Stewards must please keep us informed regarding this.

We also wish our members who are currently experiencing serious health problems a speedy recovery.

8. CLOSURE

We look forward to the year with the objective to make a difference where possible. Good luck for the challenges of 2015!

M.M STRYDOM
PROVINCIA SECRETARY
13/01/2014